

8 Februarie

Skriflesing: 1 Johannes 2:28–4:6 (NAV)

Fokusgedeelte: 1 Johannes 3:1

God noem ons sy kinders en ons is dit ook!

Is jy SEKER jy is nou en vir ewig 'n kind van God?

In 1 Johannes 3 gee die Heilige Gees die antwoord wat altyd op gelowiges se lippe mag wees: “*Ja! Ons is kinders!*”

Waar kry ons as sondaars die reg om ons kinders van God te noem? Johannes skryf: “Hy noem ons kinders van God en ons is dit ook.” Ja, God skaam Hom nie om ons *my kinders* te noem nie, en as God iemand iets noem, dan is hy dit.

Wat het God hiertoe beweeg? Johannes (1 Joh 3:1) gee die rede: “Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het ...”

Om ons as sy kinders aan te neem, was God die Vader bereid om sy geliefde Seun aan die dood prys te gee om vuil mense soos ons as sy kinders aan te neem. Verder was die Seun van God, ons Here Jesus, gewillig om sy eie en enigste plek in die Vaderhuis prys te gee om hier op aarde te kom ly vir ons sondes. Uit liefde vir ons het Hy sy lewe kom prysgee om vir ons 'n eie plek by die Vader te verdien.

Die sekerheid van ons kindskap lê in God self! Prys Hom daarom vandag dat Hy so almagtig is dat ons sy kinders is bloot omdat hy ons sy kinders noem: *My kinders ... en ons is dit ook!* Doen dit met verwondering, want nóóit sal ons dit kan deurgrond nie.

Sing: Skrifberyming 33:1Ds BR Kingma (Bellville-Oos)